LISENSIEOOREENKOMS VIR EINDGEBRUIKERS (GEBRUIKSVOORWAARDES)

OPSOMMING
Hierdie lisensieooreenkoms vir eindgebruikers ("EULA") is 'n wettige ooreenkoms tussen u ('n individu of 'n regspersoon) en die BSA (Bybelgenootskap van Suid-Afrika) met betrekking tot u gebruik van die BibleSA-platform (BibleSA-toepassing en/of BibleSA-webwerf), wat insluit (maar nie beperk is nie tot) rekenaarprogrammatuur en dit kan gepaardgaande media, intellektuele eiendom van derde partye, gedrukte materiaal en elektroniese dokumentasie insluit.

Hierdie lisensie is vir 'n enkelgebruiker en is nie oordraagbaar nie. Elke gebruiker moet sy eie rekening hê.

Mobiele Toepassing: U kan die toepassing installeer en slegs op u gekose Elektroniese Toestelle (Toestelle) toegang tot u rekening kry.

Toegang tot die Webwerf: Toegang tot die BibleSA-platform is beskikbaar op die webwerf www.biblesa.co.za.

Deur die BibleSA-platform te installeer, daarop aan te teken, dit af te laai, te kopieer of die toepassing vir ander doeleindes te gebruik, stem u in om aan die bepalings van hierdie Lisensieooreenkoms vir Eindgebruikers gebind te wees.

1. Definisies

i "rekening": 'n kombinasie van 'n e-posadres en wagwoord wat gebruik word om in beginsel op die BibleSA-platform aan te teken, of 'n soortgelyke aantekeningsmetode van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA), wat in die naam van een persoon geregistreer is;
ii "rekeninggebonde inhoud": inhoud wat, deur middel van die toegewyde funksionaliteit op die BibleSA-platform, deur die gebruiker tot die BibleSA-platform gevoeg word, en moontlik uiteindelik aangepas word en aan 'n rekening verbind word;
iii "rekeninghouer": die natuurlike persoon in wie se naam 'n rekening vir die BibleSA-platform geregistreer is;
iv "BSA": die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (Edwardstraat 134, Bellville, 7530);
v "besigheidsrekening": 'n rekening wat deur die BSA geskep/opgestel is binne die raamwerk van 'n kontrak tussen die BSA en 'n sekere organisasie, en wat deur die BSA as 'n besigheidsrekening geïdentifiseer word;
vi "inhoud": tekste, beelde en ander materiaal op die BibleSA-platform;
vii "BibleSA-platform": BibleSA- Mobiele Toepassing en die BibleSA-webwerf;
viii "gebruiker": die natuurlike persoon of regspersoon wat die BibleSA-platform gebruik;
ix "webwerf": die webwerf van die BSA – www.biblesa.co.za;

Waar ook al hierdie Gebruiksvoorwaardes na "niekommersiële doeleindes" verwys, word die volgende bedoel (behalwe vir paragraaf 5 of tensy anders aangedui):

x gebruik in kerkbulletins, liturgieë, kategese, ens.;
xi niekommersiële gebruik (in gedrukte formaat of op digitale borde) by skole;
xii niekommersiële gebruik: gebruik binne 'n kerkomgewing (kerkdienste, plaaslike kerkbulletins, Bybelstudiehandleidings, dataprojektoraanbiedings tydens kerkdienste, ens.) en in materiaal wat gratis versprei word;
xiii eie gebruik: persoonlike gebruik van die gebruiker, of gebruik in kleiner groepe, soos familiekringe, jeuggroepbyeenkomste, ens.

Waar ook al die Gebruiksvoorwaardes na “kommersiële doeleindes” verwys, word dit soos volg verstaan:

xiv gebruik in produkte wat kommersieel deur die gebruiker of ’n derde party namens die gebruiker verkoop word (beide in druk en digitaal);
xv in advertensie-tentoonstellings;
xvi kommersiële gebruik: gebruik in enige werke en/of publikasies (boeke, tydskrifte, koerante, ens.) wat teen ’n prys, fooi, tarief, heffing of ander vergoeding verkoop word;
xvii enige gebruik afgesien van die niekommersiële gebruik soos hierbo beskryf.

2. TOEPASSING VAN DIE LISENSIEOOREENKOMS VIR EINDGEBRUIKERS

Hierdie voorwaardes is van toepassing op elke gebruik van die BibleSA-platform deur die gebruiker. Deur die BibleSA-platform op enige manier te gebruik, aanvaar die gebruiker om onherroeplik aan hierdie Gebruiksvoorwaardes gebind te wees. Die BSA behou die reg voor om hierdie Gebruiksvoorwaardes na goeddunke te verander. Die gewysigde gebruiksvoorwaardes tree in werking sodra dit op die BibleSA-platform gepubliseer word. Die voortgesette gebruik van die BibleSA-platform deur die gebruiker sal die aanvaarding van die gewysigde Gebruiksvoorwaardes sonder voorbehoud bevestig.

3. REKENING, E-POSADRES AND PRIVAATHEID

i Om toegang tot sommige van die inhoud en funksies op die BibleSA-platform te verkry, moet die gebruiker ’n BibleSA-platformrekening registreer. Die BSA bepaal wie ’n rekening mag registreer, asook enige registrasieprosedure.
ii Die BSA behou die reg voor om die gelyktydige gebruik van een rekening op verskeie toestelle te beperk.
iii Die BSA behou die reg voor om toegang wat deur een rekening gebied word, te beperk.
iv ’n Werkende e-posadres is nodig om ’n rekening suksesvol te skep en te registreer. Die rekeninghouer moet toesien dat hierdie e-posadres altyd vir kommunikasiedoeleindes aan die rekening gekoppel is. Indien ’n e-posadres wat aan ’n rekening gekoppel is nie meer gebruik word nie, moet die rekeninghouer ’n alternatiewe e-posadres verskaf waar die rekeninghouer bereik kan word. Die BSA behou die reg voor om ’n rekening te kanselleer of te verwyder indien geen werkende e-posadres daaraan gekoppel is nie.
v Die privaatheidsbeleid van die BSA is hier beskikbaar: https://www.biblesociety.co.za/images/stories/documents/BSSA_Privacy_Policy.pdf

4. LISENSIËRING

i Die BSA bied aan die gebruiker ’n nie-eksklusiewe, nie-oordraagbare lisensie om die BibleSA-platform te gebruik met die voorwaardes soos uiteengesit in hierdie Gebruiksvoorwaardes.
ii Die gebruiker erken dat alle Intellektuele Eiendomsregte met betrekking tot die inhoud van hierdie BibleSA-platform die eiendom van die BSA en sy lisensiehouers van derdeparty-intellektuele eiendom bly. Geen bepaling in hierdie Lisensieooreenkoms vir Eindgebruikers mag geïnterpreteer word as ’n oordrag van regte op enige manier of in enige mate nie.
iii Die BibleSA-platform, en die inhoud daarvan, word beskerm deur kopieregwetgewing en internasionale verdragsbepalings. Daar kan formeel opgetree word teen enige kopieregskending deur ’n individu of entiteit.

iv Tensy uitdruklik anders vermeld word alle materiaal, insluitende maar nie beperk tot Bybeltekste nie, wat beskikbaar gestel is vir gebruik binne die BibleSA-platform ook beskerm deur kopieregwetgewing en internasionale verdragsbepalings. Alle regte op hierdie materiaal word voorbehou deur die onderskeie derdepartykopiereghouers en is slegs gelisensieer aan die BSA vir gebruik op die BibleSA-platform.

v Die gebruiker word streng verbied om die lisensie vir die gebruik van hierdie BibleSA-platform oor te dra of te onderlisensieer.

vi Die gebruiker word streng verbied om op enige tydstip meer as een Bybelse hoofstuk van enige Bybelteks (hetsy in druk of digitaal) te kopieer of te versprei, onderhewig aan die kopieregbeleid wat op enige Bybelteks van toepassing is. Alle navrae in hierdie verband kan aan copyright@biblesociety.co.za gerig word.

5. VOORWAARDES/BEPALINGS T.O.V. DIE GEBRUIK VAN DIE BSA SE BYBELTEKS

Vernaamste reëls vir die gebruik van Bybelteks:

I Die gebruik van Bybeltekste van die BSA wat deur kopiereg beskerm word is onderhewig aan die bepalings van die BSA se formele kopieregbeleid, wat hier beskikbaar is: https://www.biblesociety.co.za/images/stories/documents/BSSA_Privacy_Policy.pdf.

ii Die gebruik van alle ander Bybeltekste is onderhewig aan die voorwaardes van die kopiereghouer.

iii Vir meer inligting oor die gebruik van Bybeltekste, hetsy in druk of digitale toepassings, stuur asseblief ’n e-pos na copyright@biblesociety.co.za om met die BSA se regspraktisyn en kopieregbeampte in aanraking te kom.

6. BRON- EN KOPIEREGVERWYSING

i U mag gedeeltes van die inhoud slegs vir persoonlike en niekommersiële gebruik versprei, tot ’n maksimum van:

- 50 (vyftig) verse van nie-BSA Bybelteks per geval wat as billike gebruik kwalifiseer
- ’n resolusie van nie meer as 1080p vir videolêers nie.

ii Inhoud wat op hierdie manier gedeel word, moet ’n webwerfskakel bevat na die BibleSA-platform in die Mobiele Toepassingswinkel of webwerf waar die BibleSA-platform of toegang daartoe oorspronklik verkry is.

iii U mag slegs ’n klein gedeelte van die Inhoud vir persoonlike of niekommersiële Skrifgebruik druk, tot ’n maksimum van tien eksemplare van Inhoud wat slegs een bladsy beslaan en nie Bybelteks is nie.

iv U mag NIE kopieë van die inhoud reproduseer en/of versprei nie, aangesien die enigste wettige verspreidingsmetode die gebruik van die Toepassingswinkel en/of webwerf is waar die Inhoud oorspronklik verkry is en/of afgelaai is.

v U mag NIE enige inhoud van die BibleSA-platform reproduseer en/of versprei na enige persoon of entiteit vir u of hul potensiële en/of werklike finansiële of materiële voordeel nie. Gebruikers mag nie die kopieregkennisgewings wat verband hou met die Inhoud op die BibleSA-platform verwyder en/of versteek nie. Alle digitale projeksies, reproduksies en/of ander persoonlike gebruik van die Inhoud van die BibleSA-platform moet die meegaande kopieregerkennings vertoon.

vi Wanneer Bybelteks hergebruik word, moet ’n bron- en kopieregverwysing aangedui word, soos uiteengesit in die kopieregbeleid van die BSA.

vii Geen toestemming word aan gebruikers verleen om die inhoud van die BibleSA-platform te wysig, te manipuleer, aan te pas, te verander en/of te vertaal nie, tensy die gebruiker skriftelike toestemming van die BSA daarvoor ontvang.

viii Wanneer ander inhoud van die BibleSA-platform gebruik word, moet die volgende bron- en kopieregverwysings aangedui word:

Bron: BibleSA – aan u gebring deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. www.biblesa.co.za.

7. REKENINGGEBONDE INHOUD EN INSTELLINGS

i Die BibleSA-platform van die BSA mag funksies aanbied wat gekoppel is aan 'n rekening waarmee 'n gebruiker inhoud kan byvoeg of wysig en/of die inhoud kan beïnvloed.

ii Die rekeninghouer is verantwoordelik vir die rekeninggebonde inhoud wat aan sy/haar rekening gekoppel is.

iii Die gebruiker erken dat rekeninggebonde inhoud en instellings ook toeganklik sal wees vir almal wat dieselfde rekening gebruik, en dat dit aangepas en/of verwyder kan word wanneer dit deur ander gebruik word.

iv Die gebruiker erken dat hy/sy moet aanteken, en moontlik ook oor 'n spesifieke tipe rekening moet beskik, om toegang tot rekeninggebonde inhoud en instellings te verkry, en dat sommige van die rekeninggebonde inhoud en/of instellings moontlik nie (meer) toeganklik sal wees indien die gebruiker nie aanteken of die tipe rekening verander nie.

v Die gebruiker stem in om funksies, wat met rekeninggebonde inhoud funksioneer, op 'n gepaste manier te gebruik (met betrekking tot taal en kopiereg, en in ander tersaaklike opsigte). Die BSA behou die reg voor om rekeninggebonde inhoud te verwyder of te staak wanneer hierdie inhoud volgens die BSA se oordeel onvanpas of op 'n onvanpaste manier gebruik word.

vi Die BSA het die reg om die BibleSA-platform op so 'n wyse aan te pas dat spesifieke rekeninggebonde inhoud en/of instellings nie meer toeganklik is nie.

8. OUDIOBYBELS EN OUDIOLÊERS

i Gebruikers kan die Bybeloudiolêers en/of ander oudiolêers wat op die BibleSA-platform beskikbaar is in die formaat stroom wat verskaf word en waar toegang tot klank toegelaat word.

ii Die Bybeloudiolêers en/of ander oudiolêers mag nie

a. met enige party via enige media in enige formaat gedeel word nie,
b. op enige platform behalwe die BibleSA-platform gestroom word nie,
c. op enige wyse afgelaai, gereproduseer of versprei, en/of
d. op 'n eksterne toestel gestoor word sonder dat 'n gebruiker eers skriftelike toestemming van die BSA verkry het om dit te doen nie.

iii Enige ongemagtigde gebruik van Bybeloudiolêers en/of ander oudiolêers wat op die BibleSA-platform beskikbaar is, word as 'n daad van kopieregskending beskou en kan tot vervolging lei.

9. INTELLEKTUELE EIENDOMSREGTE

i Ongeag die lisensiëring wat in hierdie Gebruiksvoorwaardes uiteengesit word, erken die gebruiker dat alle intellektuele eiendomsregte met betrekking tot die inhoud van die BibleSA-platform die eiendom van die BSA en enige ander derde partye bly. Geen bepalings in hierdie Gebruiksvoorwaardes mag geïnterpreteer word as die oordrag van regte op enige manier of in enige mate nie.

ii Die gebruiker erken dat derde partye (dit wil sê partye buiten die BSA) regte op inhoud op die BibleSA-platform mag besit. Dit is die gebruiker se verantwoordelikheid om goedkeuring direk van hierdie derde partye te verkry indien/wanneer goedkeuring nodig is vir duplikasie en/of publikasie van die inhoud vanaf die BibleSA-platform. Die gebruiker stem in om bewyse aan die BSA te lewer dat toestemming van derde partye ontvang is vir die duplikasie en/of publikasie van die inhoud vanaf die BibleSA-platform.

10. WAARBORG, AANSPREEKLIKHEID EN VRYWARING

i Die BSA en sy betrokke kontraktuele medewerkers is, sover moontlik soos toegelaat deur toepaslike wette, nie aanspreeklik vir moontlike skade wat kan voortspruit indien besonderhede wat gebruik word om aan te teken deur derde partye misbruik word nie.

ii Die BSA en sy betrokke kontraktuele medewerkers is nie aanspreeklik vir enige skade nie, hetsy materiële of immateriële skade (soos saakbeskadiging en finansiële verlies), wat kan voortspruit uit die skending van (intellektuele eiendoms)regte van derde partye deur die duplikasie en/of publikasie van die inhoud vanaf die BibleSA-platform deur die gebruiker, insluitende, maar nie beperk tot, kopiereg en beeldregte.

iii Die BSA en sy betrokke kontraktuele medewerkers is nie aanspreeklik vir enige skade nie, hetsy materiële of immateriële skade (soos skade aan eiendom en finansiële verlies), wat kan voortspruit uit die beskadiging van rekenaarstelsels as gevolg van die gebruik van die BibleSA-platform en/of die Inhoud daarvan.

iv Die BSA en sy betrokke kontraktuele medewerkers bied geen waarborg dat die BibleSA-platform en die inhoud daarvan te alle tye toeganklik sal wees nie, en is nie aanspreeklik vir moontlike skade wat verband hou met die ontoeganklikheid van die BibleSA-platform en/of die inhoud van die BibleSA-platform in enige stadium nie.

v Die gebruiker waarborg dat die persoonlike besonderhede wat tydens registrasies verskaf word korrek en volledig is en vrywaar die BSA en sy betrokke kontraktuele medewerkers teen enige skade, hetsy materiële of immateriële skade (soos saakbeskadiging en finansiële verlies), wat kan voortspruit uit die onakkuraatheid of onvolledigheid van data.

11. WYSIGING EN BEËINDIGING

i Die BSA is te alle tye geregtig om ’n rekening te sluit of te verwyder, en om die rekeninghouer en die gebruiker(s) te verhoed om toegang tot die BibleSA-platform te verkry.

ii Die BSA is te alle tye geregtig om toegang tot gedeeltes van die BibleSA-platform te weier of te beperk.

iii Die BSA is te alle tye geregtig om die BibleSA-platform aan te pas en/of te besluit om die BibleSA-platform te sluit.

iv Die BSA is te alle tye in staat om die bepalings van die Gebruiksvoorwaardes te verander. Veranderinge aan die Gebruiksvoorwaardes sal via die geregistreerde e-posrekening van die gebruiker en/of via die BibleSA-platform aan die gebruiker gekommunikeer word.

12. TOEPASLIKE WET EN GESKILLE

Hierdie gebruiksvoorwaardes word beheer en vertolk deur die wette van die Republiek van Suid-Afrika en die gebruiker onderwerp hom/haar hiermee aan die uitsluitlike jurisdiksie van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Wes-Kaapse Afdeling om enige geskil te verhoor wanneer die gebruiker en die BSA nie in staat is om die geskil vriendskaplik op te los nie.

13. TERUGBETALINGSBELEID

Terugbetalings kan op versoek van die eindgebruiker binne veertien (14) dae ná die aktivering van enige Premiumvlaktoegangskode verwerk word deur ’n versoek in te dien by biblesa@biblesociety.co.za indien:

1. die werk nie funksioneer soos beskryf nie, of
2. die toegangskode foutief is.

Indien ’n Eindgebruiker probleme ondervind met toegang tot die premiumvlakinhoud, moet die Eindgebruiker hierdie probleem aan die BSA rapporteer by biblesa@biblesociety.co.za. Die BSA sal die Eindgebruiker se probleem ondersoek, die oorsaak probeer vasstel en ’n oplossing vind. Die BSA kan dan besluit om ’n geskikte, nuwe Premiumvlakkode aan die Eindgebruiker uit te reik.

14. ALGEMEEN

Indien enige bepaling van hierdie Gebruiksvoorwaardes om watter rede ook al as nietig, ongeldig of andersins nie van toepassing geag word nie, sal dit geensins die toepaslikheid of geldigheid van die oorblywende bepalings van hierdie Gebruiksvoorwaardes beïnvloed nie. Die BSA sal op ’n nuwe bepaling besluit wat so na as moontlik aan die ou bepaling is betreffende die inhoud en omvang, sonder om nietig, ongeldig of andersins nie van toepassing te wees nie.

Gebruiksvoorwaardes www.biblesa.co.za
Weergawe 1 – 29 Junie 2021